

**BYBELS-TEÏSTIESE BIBLIOTERAPIE IN *DISSE FLIPPEN*
STUKKENDE WÊRELD DIÉ MY OU MET RASSEVERHOUDINGS AS
FOKUSPUNT - 'N UITKOMSGEBASEERDE ONDERRIGPLAN**

deur

Annemarie Hartman, B.A. (T.H.O.D.), V.D.O., B.Ed.

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

DEPARTEMENT AFRIKAANS

FAKULTEIT MENSLIKE EN SOSIALE WETENSKAPPE

UNIVERSITEIT VAN NOORDWES

Studieleier: Dr. J. Buscop

Groenkloof
Februarie 2003



Ek verklaar dat hierdie verhandeling vir die graad **MAGISTER ARTIUM** hiermee voorgelê by die **UNIVERSITEIT VAN NOORDWES** nog nie voorheen deur my ingedien is vir graad doeleindes by hierdie of enige ander universiteit nie, dat dit my eie werk is en dat alle verwysings hierin duidelik vermeld is.

.....*Annemarie Hartman*.....

Annemarie Hartman

DANKBETUIGINGS

Alle dank en erkenning aan:

my Hemelse Vader dat Hy my gelei het tot insig oor hierdie netelige onderwerp. Mag Hy my die krag gee om as voorbeeld te dien;

Theuns, my steunpilaar;

Miekie, Tienie en ouma Cora vir hulle belangstelling en aanmoediging;

Rika vir die pad wat ons saam loop en



dr. Jan Buscop vir sy inspirasie, positiewe leiding en geduld.

HOOFSTUK 1

INLEIDING	1
-----------	---

1.1	Probleemstelling	1
1.2	Doelformulering	9
1.2	Aktualiteit	10
1.3	Hipoteses	10
1.4	Afbakening	11
1.5	Verloop van die studie	11

HOOFSTUK 2

2.1	Inleiding	13
2.2	Enkele defenisies	13
2.3	Rasse- en etniese spanning/konflik in die praktyk	15
	2.3.1 Die wortels/oorsprong van rassisme	15
	2.3.2 Wie is die rassiste?	17
	2.3.3 Kinders en rassisme	19
	2.3.4 Die invloed van ouer en die portuurgroep	22
	2.3.5 Onderwys en rassisme	23
	2.3.6 Die impak vandie Apartheidsonderwys	24
	2.3.7 Die veranderende "gesig" van rassisme	25
2.4	Koöperatiewe leer	26
2.5	Uitkomsgebaseerde Onderrig	27
2.6	Die mens as liggaam, siel en gees	30
2.7	Samevatting	32

HOOFSTUK 3

3.1	Inleiding	33
3.2	Werkswyse	33
	3.2.1 Beplanning van 'n leerervaring	33

3.3	Implementering	36
3.3.1	Aktiwiteit 1	36
3.3.2	Aktiwiteit 2	38
3.3.3	Aktiwiteit 3	40
3.3.4	Aktiwiteit 4	41
3.3.5	Aktiwiteit 5	43
3.3.6	Aktiwiteit 6	45
3.3.7.	Aktiwiteit 7	46
3.3.8.	Aktiwiteit 8	47
3.3.9	Aktiwiteit 9	48
3.3.10	Aktiwiteit 10	49
3.3.11	Aktiwiteit 11	50
3.4	Samevatting	50

HOOFSTUK 4

Samevatting	52
Summary	53
Bibliografie	54

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Probleemstelling

In die konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika word daar rondom “gelykheid” en “menswaardigheid” die volgende uitgespel: “Elkeen is gelyk voor die reg ... Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is ... Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teenoor iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte ... Niemand mag regstreeks of onregstreeks onbillik teenoor iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) diskrimineer nie ... Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet ... Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is ... Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.” (Grondwetlike vergadering 1996.)

Juridies gesproke – in teorie dus – is enige vorm van diskriminasie of rassisme strafbaar, maar die vraag wat onomwonde na vore kom, is hoe dit in die praktyk lyk.

‘n Bespieding van daaglikse koerante en die res van die media plaas konflik, en dan spesifiek rassekonflik, meestal op die voorgrond van Suid-Afrikaanse verslaggewing. ‘n Mens sou selfs kon sê dat dit wil voorkom asof dit deurgaans

die nuusgebeure oorheers. Dit laat noodwendig die vraag ontstaan of teorie en praktyk enigsins by mekaar aansluit.

Die hedendaagse wêreld is deurtrek met bewyse van konflik tussen etniese groepe, diskriminasie, xenofobie en rassisme. Die intensiteit van die konflik tussen byvoorbeeld die Israelies en die Palestyne en die menseslagting in Ruanda, laat mense sprakeloos en is tasbare voorbeelde van teoretiese wetgewing (nasionaal en internasionaal) en praktiese uitlewing wat mekaar kontrasteer.

Diskriminerende opvattinge, vooroordele en vrese is diep in die harte en denke van mense ingewortel. Daarom is dit noodsaaklik dat gebroke verhoudings en dan meer die praktiese manifestasie van diskriminasie en rassisme ondersoek moet word. Dit is waarskynlik nodig om die historiese dimensies van rassisme ook in ag te neem én te verstaan.

Volgens 'n verslag van die Wêreldraad van Kerke (Jersild et al. 1983:130) begin die geskiedenis van die modernetydse rassisme met die slawehandel van die 16de en 17de eeue asook die sistematiese uitwissing van die Aborigines in die Nuwe Wêreld wat hiermee saamgegaan het. Byna elke Europese nasie het baat gevind by die slawehandel uit Afrika. Die groot lande van Europa het Afrika onder hulself "verdeel" en deur middel van kolonialisering is die inwoners van Afrika verkneeg en uitgebuit en hulle land se rykdom gebuit. Op dieselfde wyse is ook die inwoners van Indië, Indonesië en Suidoos-Asië gedomineer en uitgebuit ter wille van die Europese en Amerikaanse ekspansie in veral die 19de en 20ste eeu. Die gevolge hiervan én die bevooroordeeldheid leef blykbaar nog in die harte van mense.

Die verslag (Jersild et al. 1983:130) meld verder dat ter regverdiging van die uitbuiting van die swart, bruin en geel nasies, het die wittes die mite van die superioriteit van die wit ras aangevoer. Volgens hierdie mite was die gekleurde

rasse van die “diermense” (subhuman) en gebore minderwaardig tot alle wit mense. Die geestelike opdrag van “waterdraers en houthakkers” is hulle opgelê. In die verslag (Jesild et al. 1983:130) word dit soos volg uitgespel: “White skin colour, therefore, became the accepted standard of human beauty and all people were judged to be worthy of respect, civil rights, and dignity in accordance with the affinity of their complexion to that standard.”

Die geskiedenis van wit-swart-verhoudinge in Suid-Afrika dateer terug tot die vyftiende eeu toe Bartholomias Diaz hier geland het. Later het Vasco da Gama ook die subkontinent besoek. Die meeste Suid-Afrikaanse geskiedenisboeke verwys na die “ontdekking” van Suid-Afrika deur Diaz. Du Prez (1992:9) vra tereg die vraag of daar voor dié tyd niemand hier gewoon en dus niks aangegaan het nie. Die San en die Khoi was vir honderde jare reeds hier. Hulle was gevestigde samelewings van wie die witman oënskynlik baie geleer het.

In 1652 het die Nederlanders voet aan wal gesit in die Kaap. Volgens geskiedenisboeke is dit die “stigting” van die land hier aan die suidpunt van Afrika, en vir etlike dekades is Stigtingsdag elke jaar op 6 April gevier. Volgens die witman is Suid-Afrika dus syne en ontken hy die geskiedenis van die mense wat voor hom hier gewoon het (vergelyk Du Prez, 1992:10). Reeds in 1653 het die eerste gewelddadige botsing tussen wit en swart in Suid-Afrika plaasgevind.

Volgens Du Prez (1992:14) is die witman gedryf deur sy Calvinistiese godsdiens en die doktrine van “uitverkiesing”. Die Nederlanders het Suid-Afrika beskou as hulle “Beloofde Land”. Hierdie spesiale godsdienstige identiteit moes bewaar word deur afgesonderdheid en na 1948: “apartheid”.

In ’n toespraak voor die “Rotary Club of London” op 19 Augustus 1953, sê dr. A.L.Geyer, ’n eertydse redakteur van Die Burger die volgende:

Apartheid is a policy of preservation. We make no apology for possessing that very natural urge. But it is more than that. It is an attempt at selfpreservation in a manner that will enable the Bantu to develop fully as a separate people ... The immediate aim is, therefore, to keep the races outside the Bantu areas apart as far as possible, to continue the process of improving the conditions and standards of living of the Bantu, and to give them greater responsibility for their own local affairs. (www.fordham.edu/halsall/mod/1953geyer.html.)

'n Kort oorsig oor die geskiedenis van apartheid (Kyk vir 'n meer gedetailleerde bespreking onder (www.facts.com/cd/o94317.htm) toon egter dat hierdie oorspronklike idee van vorm verander het en dat die swartman in Suid-Afrika van alle regte ontnem is.

- **Mei 26, 1948:** Die Nasionale Party onder dr. D.F. Malan wen die verkiesing en die eerste tree tot die implementering van apartheid word gegee.
- **Junie 13, 1950:** Die groepsgebiedewet wat gemeenskappe skei en die swart bevolking beperk tot 'n skrale persentasie van die land se grondgebied, word afgekondig.
- **Julie 7, 1950:** Die bevolkingsregistrasiewet word afgekondig. Alle Suid-Afrikaners moet volgens ras geregistreer word.
- **1952:** Alle swartmense moet 'n pasboek dra sodat hulle bewegings deur die land gereguleer kan word.
- **1953:** Afsonderlike openbare geriewe word ingestel vir blankes en nieblankes.
- **Maart 21 – April 5, 1960:** Nege en sestig ongewapende betogers word by Sharpeville deur die polisie gedood.

**NWU
LIBRARY**

- **Mei 31, 1961:** Suid-Afrika word 'n republiek. 'n Breuk ontstaan tussen Suid-Afrika en die ander lande van die Gemenebes omdat Suid-Afrika weier om sy apartheidsbeleid te verander.
- **Junie 12, 1964:** Nelson Mandela, 'n leier van die verbanne ANC word lewenslank tronkstraf opgelê vir sabotasie en poging om die regering omver te werp.
- **Junie 16, 1976:** Studente betoog in Soweto teen verpligte onderrig in Afrikaans. Die oproer versprei landwyd en in 'n poging om orde te herstel word 575 mense landwyd gedood.
- **Oktober 26, 1976:** Die Transkei word die eerste onafhanklike tuisland. Die 10 tuislande het uiteindelik 13% van die Suid-Afrikaanse grondgebied uitgemaak.

Vanaf 1986 word diskriminerende wette, byvoorbeeld die Pasboekwet, geskrap en in 1989 word F.W. de Klerk die nuwe president. In 1990 word die verbod op 33 opposisiepartye geskrap. 11 Februarie 1990 word Nelson Mandela vrygelaat na 27 jaar in die tronk. In Januarie 1991 word die eerste swart studente toegelaat in wit skole en op 27 April 1994 word die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou. Die ANC behaal 'n oorweldigende meerderheid en op 10 Mei 1994 word Nelson Mandela ingesweer as die nuwe president van Suid-Afrika.

Die skrapping van apartheidswetgewing bring ongelukkig nie mee dat alle rasse nou harmonieus saamwoon in 'n demokratiese "Nuwe Suid-Afrika" nie. Volgens Kinghorn (1990:10) loop daar nog steeds 'n perseptuele barrikade, 'n mentale berlynse muur, deur die Suid-Afrikaanse samelewing. Iets wat ook duidelik in die kortverhaalbundel *27 April, one year later/een jaar later* (Brink 1995) uitgewys word. Die haat en suspisie, die wanverdeling en agterstande, die kultuur van "struggle", die opkoms en die invloed van black consciousness en swart teologie,

die strydtradisie by die vakbonde, die dalende respek vir 'n regsorde, die vreeskultuur by wittes, die regs-radikalisme, is alles voorbeelde waarvan die implikasies blykbaar nie alles met 'n pennestreek uitgewis kan word nie (vergelyk Kinghorn, 1990:65). Persepsies en leefwyses wat oor dekades, selfs eeue opgebou is, word blykbaar nie oornag en deur wetgewing alleenlik afgebreek nie.

Suid-Afrikaners het die neiging om aan alles wat in die samelewing gebeur waar mense van verskillende velkleur betrokke is, 'n rassekleur te gee. Plaasmoorde, onenigheid tussen leerlinge, rooftogte, kapings, korrupsie, padwoede, armoede, rykdom en selfs die alledaagse konfrontasie tussen vreemdelinge word oor die rassekam geskeer. En hierdie persepsies – reg óf verkeerd – noop verdere ondersoek na die fisiese manifestasie van wantroue en gebroke verhoudings tussen karakters van verskillende etniese groeperinge.

Die noodsaaklikheid van só 'n ondersoek word verder uitgehef deur die gebeure in Vryburg in 1999. 'n Voormalige leerling van Vryburg Hoërskool, Andrew Babeile, steek 'n medeleerling, Christoffel Erasmus, na 'n woordewisseling met 'n skêr in die nek (vir 'n meer gedetailleerde bespreking sien onder andere (<http://www.dispatch.co.za/2002/02/02/southafrica/BABEILE.HTM>)). Uit persberigte, koerantartikels en TV-verslaggewing was die resepsie van die Suid-Afrikaanse publiek rondom hierdie saak deurgaans oor die boeg van rassisme.

In Mei 2002 word twee wit rugbyspelers, Riaan Botha en Ben Korff, van Pietersburg elk 18 jaar tronkstraf opgelê na die moord op Tshepo Matloha. Hulle het hom op 'n plaas gevang waar hy en twee van sy neefs besig was om wild te steel. Nadat hy vermoor is, is sy lyk 200 km verder in 'n dam gegooi waar die polisie dit eers 'n week later gevind het. Volgens regter Bernard Ngoepe kon die staat nie bo alle twyfel bewys dat dit 'n rassisties geïnspireerde moord was nie. Hy voeg ook verder by: "It would be a serious mistake on the part of the court to find that, had the victim been white, they would have behaved in the way they did." (<http://ca.news.yahoo.com/020502/5/m5jv.html>)

Volgens syfers deur Agri SA¹, vrygestel op 19 September 2001, was daar 'n 20% toename in aanvalle in die voorafgaande ses maande. Die syfers toon aan dat 85 boere in 434 aanvalle in 1997 vermoor is. In 1998 het die moordsyfers tot 142 toegeneem, terwyl die aanvalle byna verdubbel het tot 769. In 2000 is 142 boere vermoor in 902 aanvalle. (Vergelyk 'n meer volledige uiteensetting kyk <http://iafrica.com/afrikaans/nuus/sa/806303.htm>.) Die Kerkbode van 16 November 2002 (<http://www.diekerkbode.co.za/16nov/berig1.html>) berig die volgende: "Daar is 'n beroep gedoen op alle Christene om te bid vir vertroosting vir diegene wat bedroef is. Voorts het afgevaardigdes gesê hulle bid ook vir 'n proses van genesing en vernuwing in die boeregemeenskap, sowel as vir die hele Suid-Afrika." Bogenoemde is praktiese voorbeelde van situasies wat deur die meeste oor die boeg van rassehaat gegooi word.

Vir 'n demokratiese bestel wat geskoei is op respek, aanvaarding, verdraagsaamheid en liefde, om wortel te skiet in Suid-Afrika, moet ernstige struikelblokke eers uit die weg geruim word. Ongeregtighede van die verlede moet met moed aangespreek word. Mense moet wedersyds bereid wees om gesprek te voer oor etniese probleme. Volgens Kinghorn (1992:147) is hierdie 'n oproep wat enorme moed gaan kos omdat dit van mense vra om 'n groter inset te lewer as om die snellers te trek en om sambokke op te tel.

Die ideale situasie om gesprekvoering en die kweek van wedersydse respek te begin, is die klaskamer, en dan wel deur middel van 'n boek. Buscop (1998:1) noem hierdie werkwyse meta-Biblioterapie en definieer dit só: "... die interaksie tussen 'n leser, 'n betrokke boekkarakter, 'n terapeut en dié Terapeut om uiteindelik totale genesing op liggaamlike, siels- en geestelike vlak van die leser te bevorder en te bewerkstellig. Dit is uiters belangrik dat Terapeut hier gesien moet word as God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees." Só 'n

¹ Agri SA is die nuwe liggaam wat die eertydse Suid-Afrikaanse Landbou Unie vervang het.

werkwyse open die moontlikheid om vanuit 'n Bybels-Teïstiese lewens- en wêreldbeskouing etniese en rasseproblematiek aan te spreek.

Die boek wat as anker teks gebruik gaan word, is die jeugroman *disse flippen stukkende wêreld dié my ou* van Hans du Plessis. In dié jeugroman kom die tema van gebroke verhoudings skerp onder die soeklig. Die verteller belig verskeie gebroke verhoudings in die gang van die verhaal: die onenigheid tussen ouers onderling, tussen ouers en kinders, tussen mense van verskillende rasse en tussen mense van dieselfde ras.

Konflik wat dieper ondersoek vra, is dié van rassekonflik. Thomas Klopper, 'n bruinseun en die hoofkarakter van die teks, en Dirk Anker, 'n witseun, word maats. Rassistiese naamgewing, skeltaal en openlike diskriminasie deur van die ander karakters kom openlik in die boek voor. Die teks vra eintlik dat hierdie aspekte én die implikasies daaraan verbonde deeglik onder die loep geneem moet word.

Verder opponeer ouers Thomas se toelating tot die “blanke” skool en 'n skeuring dreig in die ouergeledere. Sodoende behoort die ouerrol in die onderhawige boek nagevors te word. Thomas word beoordeel op grond van sy velkleur en sy Bruin-Afrikaans. Dat hy egter 'n Christen én 'n jong seun met drome en verwagtings is, maak blykbaar nie vir mense soos Hare Harmse en Mara se ma saak nie. Hy word slegs op liggaamlike vlak beoordeel, sonder om siels- en geestelike vlakke in aanmerking te neem.

Weideman (1992) sê in 'n resensie van die jeugroman *disse 'n flippen stukkende wêreld dié my ou* (Hans du Plessis) die volgende:

*Nou mag aartsoptimiste sê Suid-Afrika
Verkeer in 'n transformasieproses –
binnekort is “toe” skole in elk geval
iets van die verlede. Rasse vooroordeel*

is moeiliker uitroeibaar as burokratiese stempels.

Die probleem setel dus rondom karakters, verhoudings en etniese en rassekonflik soos dit manifesteer in die teks "*disse flippen stukkende wêreld dié my ou*". En dit wil voorkom asof hierdie boek hom meta-Biblioterapeuties daartoe leen om as instrument te dien, in die hande van 'n geesvervulde terapeut, met God as dié Terapeut, by die identifisering en aanspreek van die euwel van rassisme.

1.2 Doelformulering

Die hoofdoel van hierdie studie is om rassisme, soos wat dit in 'n Suid-Afrikaanse konteks manifesteer, en dan spesifiek in Suid-Afrikaanse skole, meta-Biblioterapeuties aan te spreek vanuit 'n Bybels-Teïstiese lewens- en wêreldbeskouing.

Allereers sal die begrip rassisme met al sy variante in 'n teoretiese bespreking aan bod kom. Dit is die eerste doelwit van die studie.

Vervolgens sal die mens as driedimensionele wese ondersoek word. Meta-Biblioterapie konsentreer immers op die mens as liggaam, siel en gees. As doel wil uitgewys word dat rassisme in die liggaam- en sielsdimensie gesetel is. Hiervolgens word mense beoordeel op uiterlike kenmerke en ander aspekte soos taal en kultuur. Daar sal verder aangetoon word dat die oorwinning oor en genesing van 'n rassistiese lewenstyl vanuit die geesdimensie van die mens plaasvind en deur die Gees behaal word.

Laastens word as doel gestel om die jeugroman *disse flippen stukkende wêreld dié my ou* van Hans du Plessis as meta-Biblioterapeutiese instrument in die klaskamer te gebruik deur opvoeder en leerder.

1.3 Aktualiteit

Die aktualiteit van die studie berus op die feit dat rassisme die oorsaak is vir die meeste konflik wat tussen nasies en mense onderling bestaan. Van die mees vernietigende oorloë, en met name die Tweede Wêreldoorlog, is deur rassisme ontketen. Joyner (1995:59) meen dat die uiterste vorm van rassisme dié tussen Jood en Heiden is. In ander woorde: die tussen Christen en nie-Christen.

Ook in Suid-Afrika is rassisme (tussen Christene en nie-Christene, maar ook tussen Christene onderling) 'n alledaagse verskynsel en rassekonflik in skole is 'n algemene verskynsel met die gepaardgaande sensasionele dekking in die media.

Die kruis van Jesus Christus met versoening as hooftema (vergelyk Efesiërs 2:11-22 en 2 Korintiërs 5:18) bring egter die Bybels-Teïstiese oplossing, ook vir hierdie dodelike probleem en vorm dan ook die hoofaktualiteit van die studie.

1.4 Hipoteses

Voortvloeiend uit die gespesifiseerde doelwitte, word die volgende hipoteses gestel:

1. Rassisme berus op 'n vervlegting van 'n oormatige trots en vrees.
2. Vertroue is die brug wat verhoudings tussen mense moontlik maak.
3. Vertroue is gesetel in die geesdimensie van die mens wat as liggaam, siel en gees behoort te funksioneer.
4. Genesing van rassisme is slegs moontlik deur ingryping van dié Terapeut met 'n terapeut as fasiliteerder.
5. *Disse flippen stukkende wêreld dié my ou* (Hans du Plessis) kan meta-Biblioterapeuties gebruik word.

1.5 Afbakening

Rassisme is bykans so oud soos die mensdom self en word wêreldwyd aangetref. Oor die hele wêreld is daar humanitêre en juridiese aksies om rassisme aan bande te lê. Die Rassisme Konferensie van 2001 in Durban wat deur afgevaardigdes van oor die hele wêreld bygewoon is, is 'n sprekende voorbeeld. Die omvang van die tema noop navorser om 'n afbakening van hierdie globale probleem te maak. In hierdie studie sal daar slegs op rassisme binne die Suid-Afrikaanse konteks gekonsentreer word.

Aangesien 'n wye verskeidenheid Afrikaanse tekste die tema van rassisme bevat, sal slegs die jeugroman *Disse flippen stukkende wêreld dié my ou* deur Hans du Plessis as eksemplaarteks gebruik word. Dit word voorts in die konteks van 'n klaskamersituasie gedoen met 15- tot 16-jariges as teikengroep.

1.6 Verloop van die studie

Die gang van die navorsing korrespondeer met die probleemstelling ten grondslag van die studie, soos in 1.1 gestel.

In hoofstuk 2 sal rassisme gedefinieer en bespreek word en die Christelike siening van die mens as liggaam, siel en gees sal kortliks uiteengesit word. Die beginsels van Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO)² en koöperatiewe leer as onderrigstrategie sal ook bespreek word.

² Vir Uitkomsgebaseerde Onderwys sal voortaan die akroniem UGO gebruik word

Hoofstuk 3 is die praktiese toepassing. Die jeugteks *disse flippen stukkende wêreld dié my ou* ³ van Hans du Plessis sal vir 'n meta-Biblioterapeutiese UGO-leerervaring met graad 9- en 10-leerders gebruik word.

Die slothoofstuk, hoofstuk 4, bied die samevatting van die studie.



³ Voortaan slegs "die teks".

HOOFSTUK 2

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar eerstens teoretiese omskrywings van “rassisme” en ander verwante woorde gegee word. Vervolgens sal rasse- en etniese spanning/-konflik in die praktyk bespreek word om sodoende 'n duidelike beeld te kry van die didaktiese werkwyse wat in die derde hoofstuk gevolg gaan word.

2.2 Enkele definisies

Wanneer rassisme ter sprake kom, moet daar noodwendig ook na ander begrippe gekyk word. Naas rassisme wat reeds in die probleemstelling gedefinieer is, sal definisies van die volgende begrippe ook gegee word:

- rassisme
- kultuur
- etnies
- vooroordeel
- diskriminasie
- ras
- nasie
- apartheid

Rassisme: Veronderstelling dat karakter en bekwaamheid bepaal word deur ras – 'n denkrigting wat aanneem dat 'n besondere ras meerderwaardig is en die reg het om ander rasse te oorheers. (HAT, 1994:840.)

Racism: “The belief that race accounts for differences in human character or ability and that a particular race is superior to others.”
(<http://dictionary.reference.com/search?q=racism>)

Kultuur: Die ganse geestelike besitting van 'n volk of ander groep(ering) op elke terrein; geesteslewe, beskawingstoestand. Die kultuur is die rustelose en vloeibare, die gedurige hervorming en herskepping van die geestelike waardes van die mens (N.P.van Wyk Louw). (HAT, 1994:592.)

Etnies: Volkekundig: Etniese grense, vooroordele, groepe. (HAT, 1994:204)

Vooroordeel: Oordeel wat nie op kennis of redenering berus nie; onredelike voorkeur of afkeur van iets; onlogiese houding van vyandigheid teenoor 'n enkeling, groep of ras; vooropgestelde, voorbarige mening. (HAT, 1994:1234)

Prejudice: “Irrational suspicion or hatred of a particular group, race or religion.”
(<http://dictionary.reference.com/search?q=prejudice>.)

Diskriminasie: Onderskeid by behandeling, veral 'n onbillike onderskeid: *Diskriminasie teenoor 'n bevolkingsgroep. Rassediskriminasie.* (HAT, 1994:153)

Discrimination: “Treatment or consideration based on class or category rather than individual merit; partiality or prejudice: *racial discrimination; discrimination against foreigners.*”(<http://dictionary.reference.com/search?q=discrimination>)

Ras: Groep mense, diere, plante verbind deur 'n gemeenskaplike afkoms en gekenmerk deur min of meer vaste erflike eienskappe deur ooreenkoms wat belange, gewoontes en uiterlike betref. (HAT, 1994:839)

Nasie: Groep enkelinge wat tot dieselfde staat behoort, wat 'n politieke eenheid vorm; elke willekeurige versameling mense wat onder dieselfde politieke organisasie staan. *Ras is 'n biologiese eenheid, volk 'n kulturele eenheid, nasie 'n politieke eenheid.* (HAT, 1994:691)

Apartheid: Toestand van afgeskeie, afgesonder te wees. Politieke beleid in Suid-Afrika van afsonderlike ontwikkeling van die verskillende kleure- en etniese groepe. (HAT, 1994:47)

Apartheid: “An official policy of racial segregation formerly practised in the Republic of South Africa, involving political, legal and economic discrimination against nonwhites.” (<http://dictionary.reference.com/search?q=apartheid>)

2.3 Rasse- en etniese spanning/konflik in die praktyk

2.3.1 Die wortels/oorsprong van rassisme

Joyner (1995:43) voer die oorsprong van rassisme terug na 'n godsdienstige siening. As gevolg van die Bybel-Teïstiese uitgang van hierdie studie, vereenselwig ek my met hierdie siening. Volgens hom berus die wortels van rassisme op twee beginsels: trots en vrees. Die trots is geleë in die uiterlike. Mense word op hulle uiterlike beoordeel en daar word op groepe neergesien op grond van hulle velkleur. Die mens is só trots op homself, dat hy niemand anders nodig het, of erken nie – ook nie God nie. Hierdie siening veroorsaak uiteraard 'n onoorkomenlike buffer tussen mense en tussen die mens en God.

Die tweede beginsel naamlik vrees, het sy oorsprong in die sondeval en die skeiding wat tussen die mens en God ontstaan het. Die mens wat onsekerheid binne homself ervaar, is gewoonlik bang vir mense wat anders as hy self is.

Rassisme is dus 'n ingewikkelde en verweefde kombinasie van trots en vrees.

Joyner (1995:43) glo dat die kruis van Jesus Christus die antwoord bied. Die Heilige Gees is na die wêreld gestuur om die sonde te oorwin. Die openbaring van die sonde dryf die sondaar na die kruis om daar vergiffenis te ontvang. Dit vernietig die mens se trots deur hom bewus te maak van sy afhanklikheid van die Verlosser en dit herstel ons vertroue in Hom. Hoe groter die werking van die Heilige Gees, hoe nederiger sal die mens word en hoe meer geborge in sy Liefde. Dit bring ook 'n verdraagsaamheid in die een mens teenoor 'n ander. Die mens wat geestelik volwasse raak, oordeel dan vanuit 'n geestelike perspektief, nie vanuit die vlees nie.

Verder wys Joyner (1995:43) uit dat die mens God nie sal sien nie, totdat ons geleer het om mense wat Hy na ons stuur te seën, ongeag die vorm waarin hulle verskyn en verwys voorts na Mattheus 23:39⁴.

Mense gaan nooit almal eenders word nie. Ons eenheid is gebaseer op die herkenning en waardering van ons verskille. Die hele skepping reflekteer God se liefde vir diversiteit. Hy het elke boom, sneeuvlokkie, persoon verskillend gemaak. Hierdie verskille was nie bedoel om konflik te veroorsaak nie, maar om mekaar te komplementeer. Dit is slegs as gevolg van ons voortdurende afstand van God, dat ons hierdie verskille as bedreigings sien.

Ook Kinghorn (1990:111) benadruk die feit dat verskeidenheid 'n gawe is: "Meer nog, daar is eksegetiese grond vir die opvatting dat verskeidenheid nie net tot verryking dien nie, maar allereers 'n voorwaarde is vir menslike eenheid." Volgens hom word eenheid geskep deur die samewerking van verskeidenhede en kom dáár tot stand waar uiteenlopende mense (tot wedersydse voordeel) by mekaar betrokke raak.

⁴ "Maar Ek sê vir julle: Julle sal my van nou af sekerlik nie sien nie totdat die dag kom wanneer julle sal uitroep: Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!"

Die Afrika-gesegde, *‘n mens is mens deur ander mense*, druk ‘n belangrike karaktertrek van menslike lewe goed uit: ons is vir die vervulling van ons menslikheid afhanklik van wisselwerking met *ander*. (Sien ook Kinghorn, 1990:112.)

Die kinders van vandag – leiers van môre – moet soveel as moontlik kennis inwin omtrent die samelewing waarin hulle hulle bevind en die sosiale situasies wat in dié samelewing bestaan. ‘n Goeie fondament sal hulle toerus om die eise van die wêreld waarin hulle gaan beweeg, die hoof te bied. Kritiese, sistematiese en objektiewe assessering is die beste manier om ras en rasseverhoudings te benader. Watter beter, eenvoudiger manier is daar om te vra: “Wat sê die Bybel?” Om dit egter te kan toepas, moet die Bybel ook prakties geleef word, en dít is die uitdaging wat aan elke Christen gebied word.

2.3.2 Wie is die rassiste?

Om te sê dat intergroepkonflik byna so oud is soos die menslike geskiedenis, is een ding; om die basis vir hierdie verskynsel te verduidelik, ‘n ander. Vanaf die vroegste tye, sover terug as Hammoerabi, Plato, Aristoteles, Kant en Hegel, skryf mense oor relevante kwessies soos menslike interaksie, groepsinvloed, sosiale kontrole, godsdienstige uitdrukking en rasseverskille.

“Rassisme is ‘n wit sonde. Dit is onmoontlik vir ‘n swartmens om ‘n rassis te wees.” Hierdie is ‘n uitspraak deur biskop Joe Seoka, Anglikaanse biskop van Pretoria. (Jackson, 2001:3).

Khaba Mkhize (Citizen, 2001:10) meen dat rassisme geen wortels het in die Afrika-tale aan hom bekend nie. Hy sê dat die woord nie eers in die Setswana woordeboek voorkom nie. Hy vind wel “diskriminasie”. Ook in die Nguni-tale kom

die woord “bundlula” voor, wat beteken dat ‘n persoon hom afskei van ‘n groep en deur die afskeiding word die groep afgemaak as “te lig” of “oneffektief”. Volgens Mkhize (ibid.) het hy nog nooit ‘n groep swart mense ontmoet wat rassisties is nie. Rassisme is ‘n siekte wat mense aantast wat glo in die superioriteit van die eie groep bo ‘n ander groep.

In bogenoemde sienings lê juis die gevaar van rassisme opgesluit. Uitsprake soos hierdie dui op die aanwesigheid van hoogmoed en oormatige trots binne daardie ras. Rassisme kom oral voor, maar hierdie resensent sonder die Afrika-tale uit. Hulle ken nie rassisme nie, want hulle het dan nie so ‘n woord in hulle tale nie. Afrika-tale is deurspek met leenwoorde waarvan “apartheid” sekerlik een sal wees en daarom kan “racism” en “racist” ook nie uitgesluit word nie.

Jackson (2002:14) som miskien die huidige situasie in Suid-Afrika raak op as hy sê:

Dit lyk my daar is twee groepe mense wat dit moeilik maak vir wit én swart Suid-Afrikaners wat hierdie land wil laat werk.

Aan die een kant is daar die wit rassiste wat nie kan of wil aanvaar dat gekleurde Suid-Afrikaners hul gelykes en in baie gevalle hul meerderes is nie.

Aan die ander kant is daar diegene wat uit my hoek al te veel na swart rassiste lyk: mense wat elke woord en daad van ‘n wit Suid-Afrikaner verdag maak en oral rassisme in wit mense se doen en late sien.

Rassisme is ‘n wêreldprobleem en witmense is nie die enigste rassiste nie. In ander dele van die wêreld, byvoorbeeld Asië, word ander vorms van rassisme en etnosentrisme gevind wat kritieke probleme oplewer. Volgens Mbali (1987:17) is ‘n sterk element van rassisme in die huidige vorm van anti-semitisme teenwoordig er ook in die diskriminasie teen die laer kaste in Indië.

Ponterotto en Pedersen (1998:13) se siening is dat geen enkele rasse-/etniese groep 'n alleenreg op vooroordeel en rassisme het nie. Dit kom voor by alle groepe en nasies in die wêreld. Om hierdie rede is die bekamping/bevegting van rassisme almal se verantwoordelikheid.

Ridley (1995:57) huldig vyf aannames oor rassisme:

- Rassisme reflekteer in gedrag;
- rassistiese daade kan deur mense met rassevooroordeel en ander met géén rassevooroordeel nie, gepleeg word;
- rassisme word nie deur een enkele rasse- of etniese groep alleen beoefen nie;
- die kriteria vir die beoordeling van gedrag, om te beoordeel of dit rassisties is of nie, lê in die gevolge, nie die oorsake van die gedrag nie;
- mag is 'n krag (force) wat absoluut noodsaaklik is by die beoefening van rassisme.

(Van hierdie aannames sal ook in die didaktiese bespreking van die teks (hoofstuk 3) as aktiwiteite deur die leerders getoets word.)

2.3.3. Kinders en rassisme

Troyna en Carrington (1990:57) benadruk die feit dat rassistiese naamgewing en afknouery van ander rasse vroeër begin as wat onderwysers wil toegee. Hierdie gedrag manifesteer so vroeg as tussen 4 en 5 jaar. Soos wat kinders opgroei, neem die insidente in intensiteit toe. Die siening dat kinders rasse-kleurblind is, is gewoon onwaar. Reeds vanaf die ouderdom 3-5 jaar raak kinders bewus van ras. Kinders toon dan ook reeds 'n voorkeur vir die "eie" ras en 'n afkeur van ander rasse. Geen kind is egter van nature rassisties nie. Die Suid-Afrikaanse

konteks gee 'n baie goeie voorbeeld hiervan as daar in gedagte gehou word hoe swart en wit kinders kleintyd saam speel op plase. Op hierdie manier leer hulle mekaar se tale aan en aanvaar mekaar volkome. Sigbare diskriminsie ontwikkel eers op 'n latere ouderdom.

Vanaf 'n jong ouderdom (± 4 jaar) is kinders reeds bewus van die negatiewe konnotasie wat aan rassisme gekoppel word. Troyna en Carrington (1990:68) maak melding van kinders wat rassistiese opmerkings sal maak in hulle portuurgroep, maar wat dit nie sal doen in die teenwoordigheid van onderwysers of ander volwassenes nie. Verrassend genoeg sal 'n kind rassistiese opmerkings maak oor 'n spesifieke rassegroep, om later met 'n individu van dié ras te speel. Dit beklemtoon die feit dat individuele rassisme deur mense afgekeur word, maar dat stereotipering 'n algemene gebruik is in die omgangstaal van mense van dieselfde ras.

MacCrone (1963:7) maak die interessante stelling dat 'n individu blatante rassisme kan openbaar sonder dat hy eerstehandse kontak het met dié teenoor wie hy die vooroordeel voel. Hy haal 'n uittreksel aan uit 'n opstel van een van sy studente, 'n jong Basotho, wat as volg lui:

When I got to Pietersburg, Northern Transvaal, I found the Shangaans there. The Basotho had developed attitude of despise and hatred for the Shangaans. So I also developd it. Why I don't know. Our old people in the country used to tell us stories of how brutal, unsympathetic and bossy the Dutch were, and how they feared and hated them. So I developed an attitude of dislike and fear for the Dutch.

'n Persoon kan selfs voortgaan om bevooroordeelde teenoor 'n groep of ras op te tree, ten spyte van die feit dat hy goeie verhoudings het met individue van die groep. Sodra hy egter weer deel word van die groep, verval hy weer in die vooroordeel en houdings van sy groep. Om dus van hierdie vooroordeel te kan ontsnap, sal hy hom moet losmaak van die groep, wat weer intense uiterlike sowel as innerlike konflik tot gevolg kan hê. Die oningeligte persoon kan dus dink

dat hy normaal optree, aangesien hy hierdie houding en gevoelens deel met die meeste en grootste persentasie van sy eie groep. In sekere groepe kan dit abnormale afmetings afneem, maar die groep sal dit nie noodwendig so ervaar nie⁵. (Vergelyk MacCrone, 1963:8.)

Voorbeelde van dié tipe van stereotipering is byvoorbeeld die volgende: “Sommige swart jeugdige is kriminele.” “John is ‘n swart jeugdige, daarom is hy ook ‘n dief.” “Alle witmense het grond en is ryk.”

Rassisme is nie slegs ‘n uitdrukking van individuele vooroordeel of onverdraagsaamheid nie. Rassisme kom by alle ouderdomme en sosiale klasse voor. Die ideaal in skole en veral in die Suid-Afrikaanse konteks sal wees dat anti-rassistiese onderwys deel sal word van die skoolkurrikulum in primêre en sekondêre skole – ongeag die etniese samestelling van die leerlinge van die skool.

Kritiese vaardighede soos refleksie, en kommunikasie neem gewoonlik toe met meer en hoër vlakke van opleiding en onderwys. Dit is nie noodwendig dat ‘n universiteitsgraad insig en kennis van rassisme sal waarborg nie. Onderrig is egter ‘n belangrike manier om ‘n mens se begrip van die samelewing te verbreed. Dit bevorder gewoonlik ook die ontwikkeling van kritiese vaardighede om die sosiale wêreld te interpreteer en te evalueer. Onderrig mag direk of indirek aanleiding gee tot ‘n beter begrip van rassisme (vergelyk Essed, 1997:101).

Ouers, die media, portuurgroepe en familie speel wel ‘n baie belangrike rol in die sosialiseringproses van kinders wat nie geïgnoreer mag word nie. Rassistiese volwassenes se siening kan baie moeilik verander word (tensy wedergeboorte plaasvind), maar die kinders kan nog in die skoolsituasie positief verander word.

⁵ Vergelyk die insident waarna in hoofstuk 1 verwys word waar Thsepo Matloha deur 9 rugbyspelers van Pietersburg gevang en vermoor is. Twee van die mans is 18-jaar tronkstraf opgelê.

In hoofstuk drie sal die hele leerervaring daarop ingestel wees om kinders se siening van ander rasse, positief te verander deur middel van 'n Bybels-Teïstiese lewens-en wêreldbeskouing.

2.3.4 Die invloed van ouers en die portuurgroep

'n Vanselfsprekende afleiding is dat die kinders van rassistiese ouers ook rassiste sal wees. Hewit (1996:27) beweer egter dat daar só min navorsing oor hierdie onderwerp bestaan, dat die beskikbare inligting nie die antwoord bied nie. In sy eie navorsing het hy voorts bevind dat die ouers van rassistiese kinders soms ook rassiste is, maar dat dit nie altyd die geval is nie. Sommige ouers van rassistiese kinders het selfs swart vriende. Hewit (1996:27) maak die stelling dat ouers wel 'n rol mag speel, maar dat die portuurgroep 'n veel groter invloed het.

Ponterotto en Pedersen (1998:31) opponeer hierdie siening. Volgens dié outeurs het die ouer die grootste invloed op die ontwikkeling van die houdings en waardes van 'n kind. Die kind steun op die ouer vir veiligheid, aanvaarding en bevrediging van sy behoeftes. Kinders leer gou watter gedrag, houdings en waardes die goedkeuring van die ouer wegdra. Ouergedrag wat die ontwikkeling van rassevooroordel aanwakker, is volgens hierdie outeurs die volgende:

- Rassekwessies word nie tuis bespreek nie omdat dit 'n té sensitiewe saak is.
- Ouers het geen vriende uit ander kultuurgroepe wat besoek tuis aflê nie.
- Rassistiese gedrag en opmerkings word toegelaat, byvoorbeeld in gesprekke en op televisie.
- Kinders word in 'n gesegregeerde omgewing groot, byvoorbeeld enkelrassige woonbuurte en skole.
- Die positiewe aspekte in verskillende kulture, ook die eie, word nie uitgelig nie.

Die invloed en belangrikheid van die portuurgroep op die kind, gaan vir die doel van hierdie studie as algemene norm aanvaar word. Indien die kind/jeugdige hom dus in 'n skool/portuurgroep bevind wat rassisties optree, sal hy/sy oor die algemeen konformeer, ongeag die siening van die ouers.

2.3.5 Onderwys en rassisme

Soos reeds gemeld, behoort leerders in primêre en sekondêre skole onderrig te ontvang in die herkenning en bekamping van rassisme. Troyna en Carrington (1990:97) stel voor dat dit deel moet vorm van 'n wyer program van politieke onderrig wat leerders sal skool in die fundamentele kwessies soos menseregte, sosiale geregtigheid en die uitvoering van mag. Hulle behoort ook oefening te kry om deel te raak van die demokratiese proses deur toegerus te word met vaardighede wat van hulle regdenkende, eerlike, verantwoordelike en ingeligte burgers sal maak. Verdraagsaamheid is die uitkoms van begrip en groei uit 'n objektiewe studie van al die feite. Wat bogenoemde outeurs egter nie aanraak nie, is dat kinders ook opgevoed moet word in die Bybels-Teïstiese beginsels van liefde vir God en liefde vir die naaste.

Hopelik sal leerders in die proses toegerus word om gevestigde idees te bevraagteken en krities te staan teenoor ideologiese inligting; redes gee vir spesifieke standpunte; met empatie en medemenslikheid optree; waarlik as geesvervulde Christene 'n liefde vir die medemens openbaar.

Verhoudings binne die klaskamer, asook onderrigmetodes en leerstyle behoort spesiale aandag te kry. 'n Outoritêre omgewing wat deur die onderwyser gedomineer word en waar leerders nie die vrymoedigheid het om hulle menings vrylik te lug nie, sal nie die demokratiese beginsels onder bespreking komplementeer nie. Koöperatiewe leer, waar leerders saamwerk om 'n

gesamentlike doel te bereik, is die ideale leerstrategie. Sodoende leer leerders om na mekaar te luister, op mekaar staat te maak en om mekaar te vertrou. Hierdie metode sal in hoofstuk 3 verder bespreek word, aangesien dit die werkswyse sal wees wat gevolg sal word wanneer die roman behandel gaan word.

2.3.6 Die impak van die Apartheidsonderwys

Die sterkste invloed in die lewe van 'n kind kom, behalwe van die gesin, vanuit die skoolomgewing. Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsels van voor 1990 was die sterkste teelaarde vir rassisme.

Vóór die 1950's was die onderwys van swart kinders hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die kerke, deur middel van sendingskole. In 1953, met die instelling van Bantoe Onderwys is die meeste sendingskole gesluit, en moes swart leerders die staatskole besoek. Volgens Ndlhovu et al. (1999:48) was die doel van onderwys om beide swart en wit leerders op te voed om goeie landsburgers te wees in die 'apartheidsamelewing'." Onderwys was 'n vorm van sosiale kontrole om die regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling te versterk. Baie meer geld is op wit leerders gespandeer en die swart onderwys was ongelyk en onregverdig.

Jansen (1999:4) het hom baie duidelik uitgelaat oor die apartheidsleerplan: "As die kurrikulum van daardie jare bestudeer word, blyk dit rassisties, seksisties, Eurosentries, outoritêr, voorskriftelik, konteks-blind en diskriminerend te wees."

Algemene ontevredenheid onder swart leerders lei tot die 1976 Soweto-opstand. In die vroeë 1980's word gepoog om Bantoe Onderwys te vervang met "People's Education", maar die bestaande kurrikulum in staatskole was steeds die dominante een.

1990 was 'n besondere jaar in die geskiedenis van Suid-Afrika. Nelson Mandela word vrygelaat en die ANC word ontban. Na die 1994-demokratiese verkiesing wat deur die ANC gewen word, verander die onderwysgesig drasties. Alle onderwysmodelle word dieselfde en voormalige wit skole word vir alle rasse oopgestel. Die agterstand in swart skole wat oor dekades opgebou het, is egter nog lank nie uitgewis nie. Swart studente lei steeds onder die feit van onvoldoende fondse, swak ondersteuning deur sommige ouers, swak geboue, ontoereikende kurrikulum, oormatige verpolitisering en 'n gebrek aan tegnologie.

En dit is binne hierdie konteks van historiese rassiespanninge waar die verskeidenheid leerders, komende uit verskillende etniese groeperinge, geïntegreerd onderrig moet ontvang.

2.3.7 Die veranderende “gesig” van rassisme

Die “gesig” van rassisme het oor die jare verander. Openlike rassisme is aan die afneem, maar “nuwe” vorms van rassisme bestaan en floreer steeds. Hierdie is die siening van Ponterotto en Pedersen (1998:17).

Anoniem (2002:6) berig dat professor Lawrence Schlemmer, adjunkpresident van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings, in sy verslag oor rassepersepsies bevind het dat 50% van Suid-Afrikaners glo dat rasse-interaksie sedert 1994 verbeter het. Openlike rassehaat en individuele voorvalle van rassisme het wêreldwyd afgeneem – ook in Suid-Afrika – as gevolg van die sosiale stigma wat daaraan kleef.

2.4 Koöperatiewe leer

Binne die gesketste konteks van etniese en rasseverskeidenheid moet koöperatiewe leer plaasvind. Kirk (in Rutstein, 1997:316) omskryf dit só: *“Cooperative learning is not a classroom strategy that has as its major purpose the promotion of racial harmony. Cooperative learning’s major purpose is to promote learning. It does; and that’s why I use it.”* Indirek dra dit egter wel by tot rasseharmonie. In die proses van inligtingversameling, die soek na antwoorde, en die oplossing van probleme, vergeet studente vir die onmiddellike van hulle vooropgestelde idees ten opsigte van ander rasse/mense en gee aandag aan dit wat vir die oomblik saak maak.

Koöperatiewe leer is dus gestruktureerde spanwerk. Dit is ‘n “ons almal sink of ons swem”-filosofie, waarin die verwerwing van sosiale vaardighede net so belangrik is as die bemeestering van die vakinhoud.

Studente word heterogeen in groepe geplaas en groeplede werk saam om ‘n spesifieke doel te bereik. Rolle word toegeken, byvoorbeeld, groepleier, sekretaresse, terugrapporteur, ensovoorts, en hierdie rolle roteer. Die ideale les word gevolg deur ‘n assesseringssessie waar studente die geleentheid kry om die kwaliteit van hulle poging te bespreek asook hulle interaktiewe samewerking. Koöperatiewe werk is nie wat sommige mense “groepwerk” noem nie. Daar is baie meer beplanning en struktuur daarin geleë.

Kirk (ibid) verwys na twee kritiese kenmerke van koöperatiewe leer naamlik, “positiewe interafhanklikheid” en “individuele verantwoordelikheid” (accountability). Saam veroorsaak hulle die balans tussen “ons is almal saam hierin” en uiteindelik is ek verantwoordelik vir myself”. Positiewe interafhanklikheid verwys na die feit dat spanlede vir mekaar omgee en mekaar nodig het om sukses te behaal. Spanlede onderrig mekaar en deel materiaal en ander hulpbronne. Individuele verantwoordelikheid verwys na die feit dat elke

student uiteindelik verantwoordelik is vir sy of haar eie werk. Wanneer daar byvoorbeeld assessering gedoen word deur die onderwyser, word leerders individueel getoets en bepunt.

Daar is op hierdie metode van aanbieding besluit, omdat die opdragte navorsing en groepsbesprekings gaan behels. Die doel is verder dat leerders moet praat en redeneer. Die terapeut moet versigtig wees om nie sy/haar siening van die tema op die leerders af te forseer nie. Leerders moet mekaar beïnvloed en oortuig. Die invloed van die portuurgroep moet in gedagte gehou word. As leerders mekaar kan oortuig van die negatiewe effek wat rassisme inhou vir beide partye, kan dit 'n veel groter invloed hê as wat die terapeut 'n mening probeer af forseer. Tydens die navorsing kan die groeplede die navorsingstaak onderverdeel en elke lid van die groep sal dan slegs verantwoordelik wees vir 'n onderafdeling. Tydens die besprekings sal lede dan hulle insette lewer en die groep sal, na bespreking, op 'n groepstandpunt besluit wat in die vorm van 'n verslag en ook mondeling met die res van die klasgroep gedeel sal word.

'n Ander belangrike aspek van koöperatiewe leer is dat leerders onderlê moet wees in die vaardighede van interpersoonlike kommunikasie en klein-groep sosiale vaardighede. Leerders gaan uiteraard weens die kontroversiële aard van die onderwerp, van mekaar verskil en hewige debatte en argumente kan volg. Die terapeut/onderwyser moet ook deeglik onderlê wees in die vaardighede van **fasilitering en monitering**.

2.5 Uitkomsgebaseerde Onderrig

'n Nuwe regering in Suid-Afrika het 'n nuwe kurrikulum meegebring, en 'n kurrikulum is altyd 'n weerspieëling van dit wat geglo word die doel van onderwys is. 'n Kurrikulum kan byvoorbeeld konsentreer op persoonlike ontwikkeling, óf die ekonomiese ontwikkeling van die land (sien Bertram et al, 2000:26).

Vanaf 1994 het daar enorme veranderings op onderwysgebied plaasgevind. Suid-Afrikaanse onderwyskundiges het 'n nuwe kurrikulum ontwikkel, naamlik die van Uitkomsgebaseerde Onderwys. Volgens Spadey et al (1999:26) is daar niks nuuts of misterieus omtrent UGO nie. In wese is die vertrekpunt die “outcome” of uitkoms/kurrikulumverklaring.

Volgens Spadey (ibid.) is die sleutelaspekte waarop UGO gegrond is, die volgende:

- ❑ **Wat en of** leerders suksesvol leer, is belangriker as presies **wanneer, hoe en van wie** hulle leer.
- ❑ Skole se doelwit moet wees om **alle** leerders toe te rus met vaardighede, kennis, waardes en houdings wat nodig is om sukses te behaal nadat hulle skool verlaat het.
- ❑ Alle leerders kan sukses behaal, maar elkeen volgens sy eie pas – nie almal op dieselfde dag op dieselfde manier nie.
- ❑ Suksesvolle leer kweek verdere suksesvolle leer.
- ❑ Skole skep die korrekte atmosfeer en geleenthede wat direk aanleiding gee tot suksesvolle leer.

UGO berus op die sewe kritiese uitkomst en en vyf ontwikkelingsuitkomst. Hierdie uitkomst onderskryf dus wat die huidige regering sien as die doel met onderwys. Die volgende is 'n aanhaling uit die beleidsdokument vir die senior fase en behels die 7 kritiese uitkomst waarop alle leer berus:

Die leerders sal:

1. probleme identifiseer en oplos en besluite deur kritiese en kreatiewe denke neem;

2. effektief met ander as lede van 'n span, 'n groep, 'n organisasie en gemeenskap werk;
3. hulself en hul aktiwiteite op 'n verantwoordelike en effektiewe wyse organiseer;
4. inligting versamel, analiseer, organiseer en krities evalueer;
5. effektief kommunikeer deur visuele, simboliese en/of taalvaardighede op verskeie maniere gebruik;
6. wetenskap en tegnologie effektief en krities gebruik terwyl hulle bewys lewer van verantwoordelikheid teenoor die natuur en die gesondheid van ander;
7. 'n begrip toon van die wêreld as 'n stel verwante sisteme deur die ontdekking dat probleemoplossingskontekste nie in isolasie bestaan nie.

Die optimalisering van die ontwikkeling van elke leerder, asook sosiale en ekonomiese ontwikkeling in die breë, maak dit die onderliggende bedoeling van elke leerervaring om die leerder bewus te maak van die belangrikheid van die ander 5 ontwikkelingsuitkomst, naamlik:

1. Besinning oor en verkenning van 'n verskeidenheid strategieë om meer effektief te leer.
2. Deelname as 'n verantwoordelike burger in die lewe van die plaaslike, nasionale en globale gemeenskappe.
3. Om kultureel en esteties sensitief oor 'n wye omvang sosiale kontekste te wees.
4. Om onderwys- en loopbaanaangeleenthede te verken of na te vors.
5. Ontwikkeling van geleenthede tot ondernemerskap.

In die fasesdokument (p.1) word gemeld dat die visie vir Suid-Afrika die volgende is:

‘n Gelukkige, werklik verenigde, demokratiese en internasionaal mededingende land met geletterde, kreatiewe en kritiese burgers wat ‘n produktiewe, selfvervulde lewe lei in ‘n land wat vry is van geweld, diskriminasie en vooroordele.

Die fasedokument maak nêrens melding dat die Bybel-Teïstiese godsdiens nie binne die kurrikulum toegelaat word nie. Aangesien hierdie ‘n nasionale kurrikulum is, word daar gemeld dat geen godsdiens bo ‘n ander gereken word nie. Een van die kurrikulumverklarings van die leerarea Lewensoriëntering lui dat leerders die reg van mense moet respekteer om hulle eie geloof/oortuigings en waardes te hê. Vir die skool met ‘n Bybels-Teïstiese lewens- en wêreldbeskouing is die geleentheid steeds daar om onderrig op die Bybelse beginsels te skoei. Geen kurrikulum kan ‘n mens van sy godsdiens ontnem nie. Dit is ‘n reg wat deur die grondwet onderskryf word.

2.6 Die mens as liggaam, siel en gees

Vir die doel van hierdie studie sal daar kortliks gefokus word op die mens as liggaam, siel en gees. Buscop (2000:1) en Moleko (1998:14-24) het reeds breedvoerig op hierdie onderwerp gekonsentreer.

In 1 Thessalonisense 5:23 lees ons: “En mag Hy, die God van vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus.”

Gitt (1999:91) maak dit duidelik dat die mens méér is as materie (monisme). Die mens is ook meer as wat die dualiste dit wil hê, naamlik siel en liggaam. Die Bybels-Teïstiese siening van die mens is dat die mens volgens ‘n goddelike plan geskape is. In Genesis 1:26 lees ons: “Toe het God gesê: Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld...” en in Genesis 2:7: “Die Here het toe die mens gevorm uit die stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas,

sodat die mens 'n lewende wese geword het." 'n Liggaam dus van die grond en die gees van God en wanneer twee verskillende komponente saamgevoeg word, is die resultaat 'n lewende siel, (trialisme). (Vergelyk Gitt, 1999:96.) Dit kan vergelyk word met die elektriese stroom (gees) wat in die lamp ingaan (liggaam) en dan lig voortbring (siel).

Deur die liggaam maak die mens met die tasbare kontak. Hiervoor gebruik hy sy vyf sinne. Om die liggaam funksioneel te hou moet dit gevoed en geoefen word. Die eerste stap op weg na rassisme is 'n liggaamlike beoordeling – die fisiese voorkoms speel dus 'n deurslaggewende rol.

Moleko (1998: 15) noem die siel die oorsprong van die gevoelens, begeertes, affeksies en afkeur. In die sielsdimensie besluit 'n mens dus dat hy van iemand hou/nie hou nie; tree hy rassisties op; openbaar hy negatiewe gevoelens. In die siel is die gewete gesetel. Die siel het, net soos die liggaam, voedsel nodig. Dié voedsel put hy uit die Woord van God soos onder andere 1 Timoteus 4:6 dit uitspel: "...sal jy 'n goeie dienaar van Christus Jesus wees wat jouself voed met die woorde van die geloof en die goeie leer waarvan jy 'n aanhanger geword het." 'n Sielsgesonde mens is 'n gelukkige mens

Slegs wanneer wedergeboorte plaasvind, kom die mens se geestesdimensie tot wasdom en word hy volkome mens. Dit word gekenmerk deur noue kontak met die Heilige Gees. Buscop (1998:1) spel dit só uit: "Dit is dus die Woord wat die skeiding vorm tussen liggaam en siel aan die een kant en gees aan die ander kant."

Hoe kan die verskynsel van rassisme dan verklaar word? Een mens beoordeel 'n ander mens op grond van sy velkleur en ander fisiese eienskappe. As gevolg van hierdie beoordeling word daar sekere waardeoordele in die sielsdimensie gevel en ontstaan rassisme. Alhoewel 'n persoon se gewete hom dalk aankla oor sy rassistiese houding, is hy nie in staat om dit af te lê nie. Slegs wanneer

Wedergeboorte plaasvind, en die geestesdimensie tot stand kom, is 'n mens in staat om jou medemens te sien vir wat hy werklik is: God se skepsel. Slegs dan kan daar begin word om rassisme af te sweer en my naaste lief te hê soos myself.

Ons kom tot die slotsom dat dit die hartsbegeerte van God is dat die mens in al drie dimensies gesond moet wees

2.7 Samevatting

Met die teorie wat in hierdie hoofstuk bespreek is as vertrekpunt, sal daar in die derde hoofstuk 'n meta-Biblioterapeutiese en didaktiese toepassing wees met *disse flippen stukkende wêreld dié my ou* van Hans du Plessis as die eksemplaarteks.

Daar is op hierdie jeugroman as ankerteks besluit, na aan leiding van die volgende kriteria wat Tu (1999:1) in die artikel **“Using literature to help children cope with problems”** voorstel:

- ❑ Goed geskryf en pas by die ontwikkelingsvlak van die leser.
- ❑ Taal pas by die ouderdom van die leser.
- ❑ Die storie is realisties in terme van die lewenservaring van die leser.
- ❑ Eerlikheid in die uitbeelding van die karakters – ook illustrasies.
- ❑ Ronde karakters wat werklike probleme ervaar.
- ❑ Boek moet die potensiaal hê om kontroversieel te wees.
- ❑ Die probleemoplossing moet 'n proses wees wat deur die lesers ervaar word.
- ❑ Situasies moet ware/egte opgewondenheid by die lesers ontketen.

Hoofstuk 3 sal in die vorm van 'n UGO-leerervaring aangebied word.

HOOFSTUK 3

3.1 Inleiding

Literatuur is 'n effektiewe stuk gereedskap om kinders te help om emosionele en sosiale probleme te oorkom. Deur 'n bespreking van die problematiese aspekte in die boek, kan die onderwyser/terapeut die kinders lei om te deel in die probleme wat aangebied word. Deurentyd word die gebeure en oplossings aan 'n Bybels-Teïstiese lewens-en wêreldbeskouing getoets en sodoende ontdek die lesers deur Woord-waarhede wat God van mense verwag. Ook dat die oplossing van probleme daarin lê dat 'n lewe van oorgawe aan God gelei moet word.

Deur middel van biblioterapie gaan 'n kontroversiële onderwerp, naamlik rassisme met kinders/lesers behandel word wat andersins problematies kan wees. Aangesien biblioterapie nie direk 'n bedreiging vir die leser inhou nie, omdat boekkarakters bespreek word – hoe hy optree/behoort op te tree – kan die leser wel indirek tot insig gelei word.

'n Bybels-Teïstiese lewens- en wêreldbeskouing sal deurgaans gevolg word, aangesien UGO geen onderwyser/terapeut verbied om so te doen nie.

3.2 Werkswyse

3.2.1 Beplanning van 'n leerervaring

Datum:

Aktiwiteit: Biblioterapeutiese ontleding van "disse flippen stukkende wêreld dié my ou"

Onderwerp: Identifisering en aanspreek van "rassisme"

Graad: 10

Kritiese uitkomst: 1, 2, 3, 4, 5, 7.

Ontwikkelingsuitkomst: 2, 3.⁶

Doelwitte

- Ontleding van 'n letterkundige teks
- Herkenning van en werk met letterkundige begrippe
- Aanspreek van 'n sosiale vraagstuk, nl. rassisme deur middel van Meta-biblioterapie

Onderwyseraktiwiteite	Leerderaktiwiteit	Hulpmiddels	Assessering	Tyd
1. 'n Kort bespreking van die roman	Luister	Teks	Geen	1 uur
2. Opdrag - Lees die boek	Lees	Teks	Assesseringstaak	2 weke
3. Opdrag – bespreek die verhaal met jou ouers en die groep	Praat/bespreek	Teks	Geen	1 week
4. Groepe doen navorsingstaak oor "rassisme"	Verdeel die taak in onderafdelings Navorsing	Internet Mediasentrum	Opvoederassessering Observering	2 weke
5. Opdrag: Raadpleeg 'n kenner en vind uit of daar enige verwysings in die Bybel is na die verhouding tussen mense en hoe mense teenoor mekaar moet optree. 10 tekste met skrifverwysings	Groepsonderhoud Plakkaat	Bandopnemer	Opvoederassessering	1 week
6. Opdrag: In 'n rolspel tussen jou en 'n maat speel die een die rol van Dirk en die ander een is Hare Harmse. Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe hy oor Thomas voel en hoekom.	Rolspel	Teks	Maatassessering	1 week
7. Inleidende gesprek oor die rol van ouers in ideevorming. Opdrag: Tref 'n vergelyking tussen die optrede en houding van Dirk se pa en Mara se ma ten opsigte van die oopstel van die skool. Dui ook aan hoe elke ouer se houding sy kind se optrede beïnvloed. Gebruik vorige werkstukke as hulpbronne.	Groepsbespreking Werkstuk	Vorige werkstukke Teks	Onderwyserassessering van die werkstuk	1 week

INWU
LIBRARY

Onderwyseraktiwiteite	Leerderaktiwiteite	Hulpmiddels	Assessering	Tyd
8. Inleidende gesprek oor betekenis van "stereotipe" Definisie. Maak 'n lys van stereotipes wat blankes het t.o.v. swartes en andersom. Raadpleeg maats en mense van ander rasse.	Groepwerk Konsultasie Muurplakkaat	Navorsingstaak en notae van vorige werk	Groepassessering	1 week
9. Opdrag: Stel 'n 10-puntplan op om rassisme in die skool hok te slaan.	Groepwerk Plakkaat	Teks Navorsingstaak Onderhoude	Groepassessering	1 week
10. Opdrag: Jy spreek die gr.10-groepl toe tydens Lewensoriëntering. Jou onderwerp behels een of ander interessante aspek van "rassisme". Skryf die toespraak.	Beplan Skryf die toespraak	Teks Alle vorige inligting wat reeds ingesamel is.	Opvoederassessering Identifiseer een/twee leerders om die toespraak te lewer namens die groep	2 weke
11. Opdrag: Byhou van 'n joernaal.	Joernaalinskrywings	Eie ervaring Teks	Selfassessering	Deurlopend

6 Sien die kritiese en ontwikkelingsuitkomste hoofstuk 2: 2.5.

3.3. Implementering

3.3.1 Aktiwiteit 1: 'n Kort bespreking van die roman

Aangesien die gemiddelde graad 10-leerder nie werklik in lees geïnteresseerd is nie, sal tyd afgestaan word om inleidend oor die teks te gesels. Hierdie is 'n belangrike fase, omdat die leerders se belangstelling geprikkel moet word. Lees ook enkele prikkelende uittreksels, byvoorbeeld, die motto:

*“My ouma het gesê die grootmense kap hout,
maar hulle kyk nie waar val die splinters nie.”*

- “Watter soort Here is dit dan vir wie Pa my geleer bid het? 'n Here wat 'n pa kom wegvat net mooi toe hy al die geld wat daar was, kon verloor?” (p.3)
- “Thomas word yskoud. Hy weet onmiddellik dat dit moeilikheid is wat voor hom staan....” (p.7)
- “Jou gat,” sê Herrie, “ek het niks teen mense nie, ek like mense, en ek het 'n ou grappie vertel, maar jy is te stukkend om die joke te verstaan, nou kom wharra-wharra jy hier oor mense. Ek haat niemand nie.” (p.50)

Kennis

- Lees om te verstaan, te geniet en te evalueer
- Gebruik verskillende leesstrategieë om te verstaan en te geniet
- Vorm 'n eie mening en is in staat om dit te kan verdedig
- Herken die rol van die verteller

In hierdie leerervaring sal nie net “rassisme” behandel word nie, maar onder “kennis” sal alle letterkundige begrippe soos wat dit in die sillabus/kurrikulum-verklarings vir graad 10 voorkom, aandag kry.⁷

⁷ In 2001 het 'n dokument vanaf die nasionale departement verskyn met die titel: “Standaardisering van tale.” Hierdie dokument is die nuwe “sillabus” en word vir alle primêre en sekondêre tale gebruik.

Vaardighede

- Leer om inligting te ontsluit
- Analiseer
- Evalueer
- Dink krities
- Kommunikeer verbaal, skriftelik, ens

Houdings en waardes

- Leer letterkundige waardering
- Ontwikkel 'n sin van identifikasie met dit wat reg is
- Toon verantwoordelike gedrag
- Neem verantwoordelikheid

Bybels-Teïstiese houdings en waardes sal die uitgangspunt wees by die aanbidding van elke aktiwiteit. Die terapeut/onderwyser sal in gedagte hou dat 'n persoon se lewens- en wêreldbeskouing bepaal en domineer hoe hy dink. Vir die doel van hierdie studie is hierdie afdeling die belangrikste, want dit is hier waar die leerder moet onderskei tussen positiewe en negatiewe waardes. Veral ten opsigte van "rassisme" en gebroke verhoudings sal daar leerders wees wat gaan worstel met negatiewe waardes wat reeds by hulle vasgelê is. Selfs leerders met oorwegend positiewe houdings ten opsigte van hierdie onderwerp sal ook enkele negatiewe waarde en houdings huldig.

As hulp vir die terapeut/onderwyser sal voorbeelde gegee word van die positiewe en negatiewe houdings en waardes wat te sprake sal kom:

Positief	Negatief
Sensitiwiteit	Aggressie
Respek	Boosheid
Waardering	Depressie
Verdraagsaamheid	Mislukking
Regverdigheid	Skuldgevoel
Mededeelsaamheid	Vernedering
Hulp	Eensaamheid
Samewerking	Verwerping
Verdedig	
Genot	
Empatie	
Simpatie	
Verantwoordelikheid	
Betrokkenheid	
Eerlikheid	
Avontuur	
Plesier	
Groei	
Intimiteit	
Geld	
Mag	
Sekuriteit	
Sukses	

3.3.2 Aktiwiteit 2: Opdrag – lees die boek

3.3.2.1 Dit is baie belangrik dat elke leerder die storielyn sal ken. Omdat die gemiddelde leerder van hierdie ouderdom nie graag lees nie, sal die terapeut moet kontroleer dat almal wel die boek gelees het. Afhangende

van die ontwikkelingspeil van die groep kan die opdrag gegee word dat die hele boek tuis gelees moet word en dat besprekings die daarop volgende week sal begin. Andersins kan die boek wat uit twaalf hoofstukke bestaan, verdeel word en die gelese gedeelte kan daaglik deur middel van terugrapportering binne die groep bespreek word. Op hierdie stadium sal daar net op die inhoudelike gekonsentreer word ter wille van duidelikheid.

3.3.2.2 Sodra almal die boek gelees het, sal die volgende assesseringstaak individueel voltooi word. Dit sal deur 'n maat nagesien word en in die leerder se portefeulje bewaar word.

1.	In watter dorp speel hierdie verhaal af?
2.	Skryf die name van die twee karakters wat die belangrikste rol in die verhaal speel, neer.
3.	Wie sê die volgende woorde: "Die hele lewe is nou gebedodder..."?
4.	Wat is Dirk se vriendin se naam?
5.	Wie is oom Klaas?
6.	Waarom was Herrie in die moeilikheid by die skool?
7.	Wie besluit almal saam om weg te loop see toe?
8.	Wat was die uiteinde van bogenoemde episode?
9.	Het Thomas ooit weer sy ma ontmoet?
10.	Gaan Thomas in die "witskool" bly?
11.	Wat is jou eerlike mening oor anderskleurige leerders in jou skool?

Kennis

- Kennis van die inhoud van die boek
- Raak bewus van die feit dat daar spanning is tussen verskillende karakters
- Herken die feit dat die spanning tussen mense van verskillende rassegroepe bestaan
- Rol van die verteller

Vaardighede

- Lees en luister

- Ontsluit inligting
- Analiseer
- Evalueer
- Dink krities
- Neem besluite
- Identifiseer met sekere karakters
- Leer om in 'n groep saam te werk

Houdings en waardes

- Toon 'n sensitiviteit vir dit wat reg is
- Toon empatie met ander
- Ontwikkeling van die gewete
- Skuldgevoelens mag ontwikkel
- Sommige leerders mag aggressie openbaar

3.3.3 Aktiwiteit 3: Opdrag – bespreek die verhaal met jou ouers en in die groep

3.3.3.1 Leerders sal ook 'n paar dae gegun word om oor die verhaal na te dink. Hulle behoort ook aangemoedig te word om tuis oor die boek te gesels met ouers en ander huisgenote. Die doel hiermee is om die huisgesin te betrek en sodat die leerder, soos wat sy idees rigting kry oor hierdie saak, dit met sy gesin kan deel. Sodoende kry meer mense blootstelling aan hierdie belangrike onderwerp.

3.3.3.2 Die bespreking binne die groep is ook baie belangrik. Elke leerder kom nou met vooropgestelde idees en stereotipes binne die groep. As gevolg van die kontroversiële aard van die onderwerp, kan daar heftige argumente ontstaan. Daarom is dit belangrik dat die terapeut monitoring sal doen en somtyds die besprekings binne groepe sal fasiliteer.

Kennis

- Identifiseer boodskap
- Kry 'n begrip van die ingewikkeldheid van menslike interaksie
- Ervaar die ontwikkeling van die verhaal en sien die ontwikkeling wat binne karakters plaasvind
- Leer dat elke verhaal binne 'n gegewe omgewing afspeel
- Die rol van tyd

Vaardighede

- Evalueer
- Dink krities
- Kommunikeer met huisgenote en binne die groep
- Vergelyk eie siening met die van ander
- Besef dat eie siening nie staties is nie, maar verander kan word
- Leer om na ander se sienings te luister
- Redeneer

Houdings en waardes

- Toon 'n sensitiviteit vir ander se sienings
- Respekteer die feit dat mense van mekaar mag verskil
- Verdedig eie siening
- Hanteer skuldgevoelens
- Ontwikkel verantwoordelikheid

3.3.4 Aktiwiteit 4: Opdrag – Doen navorsing oor die begrip “rassisme”

3.3.4.1 Omdat rassisme so 'n fundamentele probleem is en omdat emosies en onkunde dikwels 'n groot rolspel wanneer dit ter sprake kom, sal die eerste werklike stap in die terapeutiese proses wees om wetenskaplike

navorsing oor die onderwerp te doen. Groepe sal die opdrag kry om die navorsingstaak te beplan. Moontlike fasette wat nagevors kan word is:

- Verskillende definisies van rassisme en ander woorde wat hiermee verband het, soos
 - Diskriminasie
 - Vooroordeel
 - Volk
 - Ras
 - Xenofobie
- Die oorsprong van rassisme
- Rassisme as 'n wêreldwye verskynsel
- Rassisme in Suid-Afrika
- Rassisme in ons stad/dorp
- Rassisme in ons skool
- Die invloed van rassisme op die rassis/slagoffer
- Wat sê die Bybel oor rassisme? Hierdie afdeling sal die tweede deel uitmaak van elke groep se navorsingstaak. Leerders kan aangemoedig word om onderhoude te voer met die predikante van hulle betrokke gemeentes.

3.3.4.2 Om die leerders se gedagtes te prikkel kan 'n spreker genooi word om hulle toe te spreek oor die onderwerp. 'n Verdere UGO-strategie is dat leerders self die spreker sal identifiseer en uitnooi. Daar kan moontlik 'n komitee uit die verskillende groepe saam gestel word om die reëlins te tref. Die res van die groep moet op hoogte gehou word van die vordering.

3.3.4.3 Wanneer take ingehandig word, sal elke groep ook aan die groot-groep 'n kort oorsig moet lewer oor die inhoud van hulle taak. Sodoende kry almal inligting en vind baat by die navorsing. Take sal ook na assessering beskikbaar wees as bronne vir verdere aktiwiteite.

Kennis

- Win kennis in oor 'n gegewe onderwerp
- Leer hoe om die internet, mediasentrum en ander bronne te raadpleeg
- Rangskik feite in 'n logiese volgorde

Vaardighede

- Ontwikkel navorsingsvaardighede
- Analiseer
- Evalueer
- Dink krities
- Neem besluite
- Beplan
- Lees, ens.

Houdings en waardes

- Hulpverlening binne die groep
- Werk koöperatief
- Leer om selfstandig te dink, te werk en verantwoordelik op te tree
- Neem verantwoordelikheid vir eie besluite

3.3.5 Aktiwiteit 5: Opdrag – Raadpleeg jou dominee, pastoor, ouer/oupa en vind uit of daar enige verwysings in die Bybel is na die verhouding tussen mense en hoe mense teenoor mekaar moet optree. Haal ten minste 10 tekste aan met skrifverwysings.

3.3.5.1 Meta-Biblioterapie vereis dat die leerder sal leer om te vra: “Wat sê die Bybel/God?” Hierdie aktiwiteit het dus ten doel om die leerder te lei tot die insig dat dit nie gaan oor wat mense sê; wat my vriende sê; wat my ouers sê nie, maar wat is die korrekte manier om ander mense te behandel

volgens Bybelse norme. Na hierdie aktiwiteit sal leerders ook deur middel van Bybeltekste, wesenlike antwoorde kan hê om negatiewe argumente mee te weerlê. (Die vaardigheid van onderhoudvoering sal kortliks bespreek word om leerders toe te rus om die korrekte prosedure te volg en notas af te neem.)

3.3.5.2 Die groep sal besluit met wie daar 'n onderhoud gevoer sal word en die nodige afspraak sal gemaak word. Hulle kan besluit of hulle van 'n bandopnemer gebruik wil maak of notas sal maak tydens die onderhoud. Hulle sal ook 'n assesseringsblad ontvang vir die tien Bybeltekste. Die groep moet 'n plakkaat maak van dié een teks wat volgens die groep die beste beskryf wat die Bybelse siening is ten opsigte van rassisme en diskriminasie. Hierdie plakkate moet teen die klaskamermure opgesteek word.

3.3.5.3. Hierdie aktiwiteit sal nie geassesseer word nie en die assesseringsblad met die verskillende tekste sal as verwysing gebruik word vir verdere besprekings en aktiwiteite.

Kennis

- Leer wat die Bybelse siening oor menseverhoudings is
- Ontdek dat die Bybel die antwoord op alle vrae bied
- Leer hoe die Bybel en 'n letterkundige boek by mekaar aansluiting kan vind

Vaardighede

- Inwin van inligting
- Ontwikkel onderhoudvoering vaardigheid
- Leer om krities te dink
- Luistervaardigheid
- Interpreteer die inligting wat ingewin is

- Leer om 'n afspraak te reël en na te kom

Houdings en waardes

- Ontdek die Bybelse siening oor rassisme
- Toon respek vir ander se werk en tyd
- Waardering
- Betrokkenheid
- Neem verantwoordelikheid vir reëlins
- Begin om met die groep te identifiseer
- Gee samewerking

3.3.6 Aktiwiteit 6: Opdrag - Rolspel

3.3.6.1 Leerders doen twee-twee 'n rolspel waar een Dirk is en die ander Hare Harmse. Elkeen kry 'n beurt om te sê hoe hy oor Thoams voel en gee ook die rede vir sy siening. 'n Paar van die beste response sal deur die onderwyser geïdentifiseer word en sal dan binne die groot-groep optree. Leerders moet gelei word om tipiese rassistiese opmerkings en houdings te identifiseer. Hulle moet ook gelei word om te identifiseer hoe die Christen optree en die redes vir hierdie optrede. Bybeltekste wat in die vorige aktiwiteit geïdentifiseer as, moet as redes aangevoer word.

3.3.6.2 Assessering sal deur maats gedoen word en die beste "Dirk" en "Hare Harmse" sal aangewys word

Kennis

- Ontleding van 'n karakter
- Identifisering van hoof- en newekarakters
- Karakterisering en uitbeelding van 'n karakter

Vaardighede

- Kommunikasie vaardighede deur middel van rolspel
- Leer om 'n mening oor te dra
- Kritiese denke
- Oorkom skugterheid

Houdings en waardes

- Toon empatie met karakters
- Neem verantwoordelikheid vir besluite
- Toon 'n sensitiwiteit vir dit wat reg is
- Leer om 'n eie siening te verdedig maar ook te verander indien nodig

3.3.7 Aktiwiteit 7: Inleidende gesprek oor die rol van ouers in ideevorming. Opdrag – Tref 'n vergelyking tussen die optrede en houding van Dirk se pa en Mara se ma ten opsigte van die oopstelling van die skool. Dui ook aan hoe elke ouer se houding sy kind se optrede beïnvloed. Gebruik vorige werkstukke as hulpbronne.

3.3.7.1 Hierdie opdrag moet binne die groep bespreek word en die groep moet een antwoord op die vraag inhandig. Groepe se antwoorde sal deur die onderwyser nagesien en bepunt word. Groepe sal ook die geleentheid kry om hul respons vir die ander groepe voor te lees.

3.3.7.2 Die onderwyser gee die opdrag dat leerders die betekenis van “stereotipes/stereotipering” in die woordeboek moet naslaan en volgende periode moet saambring klaskamer toe.

Kennis

- Ontdek die korrelasie tussen teorie en praktyk
- Leer om 'n vergelyking te tref tussen twee sake

- Leer om 'n antwoord korrekte formuleer

Vaardighede

- Ontsluit inligting
- Analiseer en evalueer
- Tref 'n vergelyking tussen die positiewe en die negatiewe
- Luister na ander se sienings
- Beplan en verfyn 'n antwoord

Houdings en waardes

- Leer om 'n onderskeid te tref tussen wat reg en verkeerd is
- Besef die invloed van ouers op kinders
- Besef dat ouers gerespekteer moet word al is hulle nie altyd reg nie
- Ouers wat nie volgens Bybels-Teïstiese e norme leef nie, kan nie hul kinders op die regte spoor lei nie - doopbelofte
- Ouerskap beteken verantwoordelikheid teenoor kinders



3.3.8 Aktiviteit 8: 'n Inleidende gesprek oor wat die woord “stereotipe” beteken nadat enkele leerders hulle definisies voorgelees het. Opdrag – Maak 'n lys van stereotipes wat blankes het ten opsigte van swart mense en andersom. Raadpleeg maats en mense van ander rasse.

- 3.3.8.1 Leerders moet verstaan dat stereotipering vooropgestelde, meestal ongegronde veralgemenings is wat een mens het ten opsigte van 'n ander. Die stereotipes sal binne die klein groep ontleed word en daar sal vasgestel word in hoe verre dit reg of verkeerd is.
- 3.3.8.2 'n Nuwe lys sal dan opgestel word waarin stereotipes (byvoorbeeld, 'n Christen loop altyd met 'n lang gesig) en kenmerke van die Christen

gelys sal word. 'n Gesamentlike muurplakkaat sal gemaak word deur die tien belangrikste kenmerke van die ware Christen te identifiseer. Skrifverwysings moet ook gemeld word.

Kennis

- Soos deur die sillabus vereis

Vaardighede

- Gebruik van die woordeboek/internet
- Maak 'n plakkaat

Houdings en waardes

- Openbaar sensitiwiteit
- Bereidwilligheid om eerlik te wees ten opsigte van eie vooroordele

3.3.9 Opdrag: Elke groep stel 'n 10-puntplan op om rassisme in die skool hok te slaan.

- 3.3.9.1 Groepe sal nou met die kennis en insig wat hulle ingewin het, 'n praktiese plan opstel om rassisme te stop.
- 3.3.9.2 Groepe sal hulle planne aan mekaar voorhou en dan 'n samevatting maak van die 10 beste voorstelle. Dit sal op 'n plakkaat gedoen word en in 'n prominente plek in die skool opgesit word, byvoorbeeld, die saal of ingangsportaal van die skool.

Kennis

- Alle voorkennis wat reeds oor die onderwerp ingesamel is

Vaardighede

- Maak van 'n plakkaat

Houdings en waardes

- Leerders behoort nou reeds met eerlikheid en vrymoedigheid oor hierdie onderwerp te gesels
- Hulle behoort in staat te wees om ander van hulle standpunt te oortuig
- Leerders wat aanvanklik aggressie en skuldgevoelens ervaar het, moet nou oortuig wees dat hulle vergiffenis ontvang het deur die bloed van Jesus Christus

3.3.10 Aktiwiteit10: Opdrag: Jy spreek die leerlinge en personeel toe tydens saalopening. Jy kan enige van die fasette van rassisme wat behandel is, kies as onderwerp.

3.3.10.1 Hierdie taak moet individueel gedoen word en leerders se werk sal geassesseer word.

3.3.10.2. Hersien kortliks die kenmerke van 'n goeie toespraak. Leerders sal genoeg tyd kry om te beplan.

3.3.10.3. Onderwyser sal reël vir beoordelaars en leerders sal hulle toesprake deur middel van 'n redenaarskompetisie lewer. Hierdie kompetisie sal deur ander leerders bygewoon kan word. Die twee beste toesprake sal in die saal gelewer word tydens saalopening.

Kennis

- Alle kennis soos reeds deur die leerders verwerf.

Vaardighede

- Aanbiedingsvaardighede
- Toespraakvaardighede

Houdings en waardes

- Positieweiteit
- Groei
- Verantwoordelikheid
- Empatie
- Eerlikheid
- Alle ander positiewe houdings en waardes wat oor die afgelope tyd ontwikkel het

3.11 Aktiwiteit 11: Opdrag - byhou van 'n joernaal

Leerders sal aangemoedig word om deurentheid 'n joernaal/dagboek by te hou. Alle ervarings, gevoelens en insidente wat 'n invloed op hulle gehad het, moet in die joernaal aangeteken word. Hierdie is 'n persoonlike dokument en hoef nie met ander gedeel te word nie. Die idee is dat leerders hulle eie ontwikkeling moet ervaar. As daar van die leerders is wat hulle ervaring en groeiproses met maats wil deel, sal dit aangemoedig word. Dit sal egter opsioneel wees.

3.4 Samevatting

Daar is in hierdie hoofstuk gepoog die teks deur middel van 'n UGO – leerervaring vir die leerders te ontsluit. Daarvolgens moet leerders self ontdek. Elke aktiwiteit is gerig op **kennis, vaardighede en houdings en waardes**. Hulle het navorsing gedoen, onderhoude gevoer, toesprake gelewer en plakkaat gemaak. Die Bybel moes deurentyd as bron gebruik word. Die onderrigstrategie van koöperatiewe leer het die leerders

gedwing om saam te werk. Hulle het ook meer as genoeg geleentheid gehad om te kommunikeer. Hulle het ontdek dat mense verskillende menings huldig oor die onderwerp van rasseverhoudings, maar dat alle menings onderworpe is aan die één vraag: Wat sê die Bybel?

'n Leerervaring soos wat hier behandel is, sal 'n hele kwartaal duur. Werkstukke sal in die leerders se portefeuljes bewaar word en deel vorm van 'n deurlopende assesseringspunt wat deel sal vorm van die leerder se promosiepunt aan die einde van die jaar.

HOOFSTUK 4

SAMEVATTING

Die probleem van rassisme is nog lank nie in Suid-Afrika opgelos nie. Voorvalle van openlike rassisme het weliswaar afgeneem, maar dit floreer steeds in die harte van mense. Die doel van hierdie studie was om aan te toon dat rassisme 'n wesenlike probleem is. Mense beoordeel mekaar op grond van lank gevestigde stereotipes wat gepaard gaan met 'n oormatige trots en vrees.

Geen kitsoplossing bestaan vir hierdie wanpersepsies nie. Die enigste oplossing is geleë in 'n heel-word-proses wat Bybels-Teïsties gegrond is. Dan eers sal die mens in staat wees om by die liggaams- en sielsdimensie verby te kyk. Vertroue behoort die basis te vorm in die lewe van 'n geesvervulde Christen wat in die geesdimensie geleë is. Sodoende kan gespanne rasseverhoudinge oorkom word.

Die boek *disse flippen stukkende wêreld dié my ou* (Hans du Plessis) is as praktiese toetsmateriaal in 'n graad 10-klaskamersituasie gebruik. Die benadering wat gevolg is, is primêr Bybels-Teïsties en gebaseer op die uitkomsgebaseerde onderwysmodel.

Daar is uitgewys dat 'n terapeut, met die hulp van dié Terapeut, die boek *disse flippen stukkende wêreld dié my ou* vanuit 'n Bybels-Teïstiese lewens- en wêreldbeskouing meta-Biblioterapeuties kan gebruik om rasseverhoudinge aan te spreek.

SUMMARY

The problem of racism is not yet solved in South Africa. The occurrence of blatant racism has indeed decreased, though it still thrives in the hearts of people. The purpose of this study was to prove that racism is a fundamental problem. People judge one another on the bases of firm stereotypes, accompanied by immoderate pride as well as fear.

There are no quick solutions for this misunderstanding. The only solution lies in a healing process based on Biblical Theism. Only then will man be able to look beyond physical and psychological dimensions. Trust should form the bases of a true Christian, living in a spiritual dimension. In this way tense race relations can be bridged.

The book *disse flippen stukkende wêreld dié my ou* (Hans du Plessis) was used as practical test material in a Grade 10 – classroom situation. The approach used, is primarily Biblical-Theistic and based on the Outcomes Based Education model.

It was indicated that a therapist with the help of the Therapist can use the book *disse flippen stukkende wêreld dié my ou* from a Biblical-Theistically philosophy of life, meta- Bibliotheapeutically to address race relations.

BIBLIOGRAFIE

ANONIEM. 2002. Suid-Afrikaners glo rassisme aan die afneem is. Beeld, 17 Januarie 2002, p.5.

BERTRAM, C., FOTHERINGHAM, R & HARLEY, K. 2000. Curriculum studies. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

BUSCOP, J. 2000. Studiegids. Afrikaans 805. Ongepubliseerde studiegids. Mmabatho: Universiteit van Noordwes.

BUSCOP, J. 1998. Capite selecta: 'n inleiding tot algemene taalwetenskap en algemene literatuurwetenskap – Tema 10: Biblioterapie, kinder- en jeugliteratuur. Ongepubliseerde studiegids. Mmabatho: Universiteit van Noordwes.

BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA. Sesde uitgawe 1986 (met herformulerings). Die Bybel: Nuwe vertaling. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS. 1997. K2005 Beleidsdokument vir die Senior Fase. Pretoria: Departement van Onderwys.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS. 2001. Standaardisering van tale in die Verdere Onderwys en Opleidingsfase. Pretoria: Departement van Onderwys.

DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1996. Wet 108 van 1996. Soos aanvaar op 8 Mei 1996 en gearmdaer op 11 Oktober 1996 deur die Grondwetlike vergadering.

DU PREZ, R. H. 1992. The making of racial conflict in South Africa: A historical perspective. The origins of Black-White confrontation in South Africa: an introduction. Johannesburg: Clyson Printers

ESSED, P. 1997. Understanding everyday racism. An interdisciplinary theory. Newbury Park. London. New Delhi: Sage Publications

GEYER, A.L. 1953. The case for Apartheid. Modern History Sourcebook.
<http://www.fordham.edu/halsall/mod/1953geyer.html>.

GITT, W. 1999. The wonder of man. Bielefeld: CLV.

HAT: Kyk Odendal, F.F. et al.

HEWIT, R. 1996. Routes of racism. Oakhill: Trentham Books Limited.

JACKSON, N. 2002. "Swart man kan nie rassisties wees; dit is 'n wit sonde."
Beeld, 8 Mei, p.3.

JACKSON, N. 2002. 'n Ander kant van Chester se storie. Beeld, 30 Oktober, p.14.

JANSEN, J. 1999. Setting the scene: historiographies of curriculum policy in South Africa. In: Jansen, J. en Christie, P. 1999. Changing Curriculum: studies on Outcomes-based Education in South Africa. Capetown: Juta.

JERSILD, P. T. & JOHNSON, D.A. 1983. Moral issues and christian response. Third Edition. New York: Holt, Reinhart and Winston.

JOYNER, R. 1995. Epic battles of the last days. New Kensington: Whitaker House.

- KINGHORN, J.** 1990. 'n Tuiste vir almal 'n sosiaal-teologiese studie oor 'n gesamentlike demokrasie in Suid-Afrika. Universiteit van Stellenbosch: Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek.
- KIRK, L.** Cooperative learning and racial harmony: working together with a difference. In: **RUTSTEIN, N & MORGAN, M.** 1997. Healing racism: the role of education. Springfield: Whitcomb
- MACCRONE, I.D.** 1963. Group conflicts and race prejudice. S.A. Institute of Race Relations: Johannesburg.
- MBALI, Z.** 1987. The churches and racism. A black South African perspective. London: SCM Press Ltd.
- MKHIZE, K.** 2001. Racism, discrimination, what's in a word? Citizen, 21 April, p. 10.
- MOLEKO, W.G.** 1998. Christusgesentreerde biblioterapie met Post Mortem (Juanita Joubert) as eksemplaarteks. M.A.-tesis. Mmabatho: Universiteit van Noordwes.
- NDHLOVO, T.N, BERTRAM, C., MTHIYANE, N. & AVERY, N.** 1999. Creating people-centered schools: school organisation and change in South Africa. Learning Guide. Cape Town: South African Institute of Distance Education and Oxford University Press.
- ODENDAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M.** 1994. HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand: Perskor.

PONTEROTTO, J.G. & PEDERSEN, P.B. 1998. Preventing prejudice. A guide for counselors and educators. Newbury Park London New Delhi: SAGE Publications.

RIDLEY, C.R. 1995. Overcoming unintentional racism in counseling and therapy: a practitioner's guide to intentional intervention. Thousand Oaks: SAGE Publications.

SPADEY, W. & SCHLEUBUSH, A. 1999. Curriculum 2005: a guide for parents. Cape Town: Renaissance.

TROYNA, B. & CARRINGTON, B. 1990. Education, racism and reform. Routledge: London. New York.

TU, W. Using literature to help children cope with problems.
<http://indiana.edu/~eric/rec/ieo/digests/d148.html>

WEIDEMAN, G. 1992. Dis 'n flippen stukkende wêreld dié my ou (Hans du Plessis). Radio Sonder Grense: Skrywers en boeke, 19 Maart.